



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

FEBRUARIE/MAART 2011

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoud, soos in die riglyndokument, gebaseer is:

VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989?

- Op die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika

VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP AFRIKA?

- Gevallestudie: Benin

VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA AS 'N DEMOKRASIE UIT DIE KRISISSE VAN DIE 1990's NA VORE GETREE?

VRAAG 4: HANTERING VAN DIE VERLEDE EN KYK NA DIE TOEKOMS: DIE WERK VAN DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.
3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.
4. In die beantwoording van vrae behoort kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.
5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: HOE IS SUID-AFRIKA DEUR DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE IN 1989 GEAFFEKTEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C en beantwoord die vrae wat volg.

- 1.1 Bestudeer Bron 1 A.
- 1.1.1 Watter bewyse is daar in die bron wat voorstel dat onderhandelings tussen die ANC en NP moontlik was? (2 x 1) (2)
- 1.1.2 Wat was die 'ideologiese kloof' tussen die ANC en die NP? (2 x 2) (4)
- 1.1.3 Verduidelik waarom jy met Slabbert sal saamstem dat die ANC onkant gevang is. (2 x 2) (4)
- 1.1.4 Verduidelik hoe die ineenstorting van die Sowjetunie FW De Klerk begunstig het. (2 x 2) (4)
- 1.1.5 Verduidelik tot watter mate jy Slabbert se artikel as bruikbaar sou beskou vir 'n historikus wat hierdie periode van politieke verandering in Suid-Afrika navors. (2 x 2) (4)
- 1.2 Raadpleeg Bron 1 B.
- 1.2.1 Hoekom was dit belangrik vir De Klerk om verskeie oorsese reise te onderneem om met wêreldleiers te ontmoet? (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Hoe het die veranderinge wat deur Gorbachev bekendgestel is, De Klerk gehelp om 'n beleid van hervorming in Suid-Afrika te volg? (2 x 2) (4)
- 1.2.3 Verduidelik tot watter mate die volgende stelling akkurraat is: 'Namibië het die Suid-Afrikaners gewys dat hierdie soort verandering nie noodwendig ramspoedige gevolge hoef te hê nie.' (1 x 3) (3)
- 1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe jy dink die ANC op hierdie dreigende politieke veranderinge sou gereageer het? (2 x 2) (4)
- 1.3 Verwys na Bronne 1A en 1B.
- 1.3.1 Verduidelik hoekom dit vir De Klerk noodsaaklik was om met 'n proses van onderhandelings te begin? (2 x 2) (4)
- 1.3.2 Hoe ondersteun hierdie bronne mekaar met betrekking tot die impak van die einde van die Koue Oorlog op Suid-Afrika? (2 x 2) (4)

1.4 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoekom die ANC bereid was om samesprekings met die apartheidsregering te voer. (6)

1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.5.1 OF VRAAG 1.5.2.

1.5.1 Verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR in 1989 Suid-Afrika se politieke toekoms geaffekteer het. (30)

OF

1.5.2 Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n brief aan jou vriend/-in wat nou oorsee bly en vertel hom/haar hoe die ineenstorting van die USSR 'n onderhandelbare skikking in Suid-Afrika moontlik gemaak het. (30)
[75]

VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE IN 1989 TOT DIE HERVOORSTELLING VAN BENIN AS 'N NASIE BYGEDRA?

Bestudeer Bron 2A, 2B en 2C om die vrae wat volg, te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 1A.

- 2.1.1 Watter koloniale moondheid het oor Benin geregeer? (1 x 1) (1)
- 2.1.2 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik die volgende begrippe:
- (a) Veelpartystelsel
- (b) Marxistiese-Leninisme (2 x 2) (4)
- 2.1.3 Wat was die omstandighede wat tot 'n krisissituasie in Benin in 1989 gelei het? (1 x 2) (2)
- 2.1.4 Verduidelik wat die uitkoms was van die konferensie wat Kerekou in 1989 byeengeroep het. (1 x 2) (2)
- 2.1.5 Verduidelik hoekom die VSA politieke ontwikkelinge in Benin ondersteun het. (1 x 3) (3)

2.2 Gebruik Bron 2B.

- 2.2.1 Wat het Benin 'n nuwe grondwet in 1990 laat aanneem? (2 x 1) (2)
- 2.2.2 Hoekom, dink jy, was die hoofdoelstellings van die nuwe grondwet belangrik? (1 x 2) (2)
- 2.2.3 Verduidelik, in jou eie woorde, die tekortkominge van die implementering van die nuwe grondwet. (2 x 2) (4)
- 2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom Benin as 'n 'modeldemokrasie' beskou is. (1 x 3) (3)

2.3 Verduidelik hoe die inligting in Bron 2A die bewyse in Bron 2B ondersteun met betrekking tot Benin se eerste veelpartyverkiesing. (2 x 2) (4)

2.4 Bestudeer Bron 2C.

- 2.4.1 Verwys na die statistiek in die grafiek.
- (a) Watter persentasie stemme het die National Rally for Democracy (RND) behaal? (1 x 1) (1)
- (b) Watter politieke party het 18,9% van die stemme in die 1991-verkiesing behaal? (1 x 1) (1)

- 2.4.2 Wat vertel die inligting in die grafiek jou van Benin se politieke stelsel? (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Verduidelik die beperkings van die veelparty- demokratiese stelsel wat Benin aangeneem het. (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik of hierdie bron bruikbaar sal wees vir 'n historikus wat Benin se eerste demokratiese verkiesing bestudeer. (2 x 2) (4)
- 2.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die impak van demokrasie op Benin verduidelik. (6)
- 2.6 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.6.1 OF VRAAG 2.6.2.
- 2.6.1 Verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR in 1989 bygedra het tot die hervoorstelling van Benin as 'n nasie. (30)
- OF**
- 2.6.2 Gebruik die inligting uit AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir 'n geskiedenis tydskrif, *New African*, oor hoe die einde van die Koue Oorlog 'n nuwe era in die geskiedenis van Benin teweeggebring het. (30)
- [75]**

VRAAG 3: HOEKOM IS DIE SLUIPMOORD OP CHRIS HANI AS 'N KEERPUNT IN DIE POLITIEKE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA BESKOU?

Bestudeer Bron 3A, 3B en 3C om die vrae wat volg, te beantwoord.

- 3.1 Verwys na Bron 3A.
- 3.1.1 Haal inligting uit die bron aan wat bewys dat Hani 'n gewilde leier was. (3 x 1) (3)
- 3.1.2 Wat was die motief vir Hani se sluipmoord? (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Verduidelik of jy met die volgende stelling saamstem: 'Enigiemand wat woede in die swart gemeenskap wou ontketen, kon nie 'n beter teiken gekies het nie ...' (2 x 2) (4)
- 3.1.4 Tot watter mate, dink jy, sou 'n historikus wat hierdie tydperk ondersoek, met Sparks se stelling saamstem: 'Soos wat die krisis toegeneem het, was daar bitter min wat De Klerk kon doen om die land te kalmeer; maar Mandela kon ...' (2 x 2) (4)
- 3.2 Gebruik Bron 3B.
- 3.2.1 Wat was die sentrale boodskap van Mandela se televisietoespraak aan die land? (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Hoekom was Mandela se verwysing na 'n wit Afrikanervrou van spesiale belang om die land te kalmeer? (2 x 2) (4)
- 3.3 Verwys na Bron 3A en 3B.
- Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun om Mandela as 'n nasionale leier van formaat te verhef. (2 x 2) (4)
- 3.4 Bestudeer Bron 3C.
- 3.4.1 Verduidelik die boodskap van die plakkaat. (1 x 2) (2)
- 3.4.2 Hoe voeg hierdie plakkaat waarde toe tot Hani se gedenkdiens? (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Wat, volgens die plakkaat, was die beginsels waarvoor Hani 'n slagoffer geword het? (2 x 1) (2)
- 3.4.4 Hoe dink jy sou die volgende op die plakkaat gereageer het:
- (a) Wit, regsgerigte Suid-Afrikaners
- (b) Swart Suid-Afrikaners (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na Bron 3A, 3B en 3C en jou eie kennis.

Kies en verduidelik watter EEN van die drie bronne jy as die bruikbaarste sal beskou om die geskiedenis van Chris Hanı te skryf. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die rol wat Chris Hanı in die bevrydingstryd gespeel het, verduidelik. (6)

3.7 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: **VRAAG 3.7.1 OF VRAAG 3.7.2.**

3.7.1 Die sluipmoord op Chris Hanı kan as 'n keerpunt in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika beskou word.

Stem jy saam? Bespreek krities. (30)

OF

3.7.2 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir jou plaaslike koerant waarin jy verduidelik hoe politieke leierskap Suid-Afrika van die rand van politieke geweld gered het ná die sluipmoord op Hanı. (30)
[75]

VRAAG 4: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GEPOOG OM 'N EINDE AAN SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE TE MAAK?

Bestudeer Bron 4A, 4B, 4C en 4D en beantwoord die vrae wat volg.

- 4.1 Verwys na Bron 4A.
- 4.1.1 Wat, volgens die bron, was die hoofdoel van die WVK? (1 x 2) (2)
- 4.1.2 Verduidelik wat die skrywer aangemoedig het om die volgende stelling te maak: '... (vir) baie Afrikane wat onder apartheid gely het, baie moeilik was om te verstaan ...' (2 x 2) (4)
- 4.1.3 Hoekom, dink jy, sal die WVK altyd 'omstrede' wees? (1 x 2) (2)
- 4.2 Gebruik Bron 4B.
- 4.2.1 Wat het veroorsaak dat sommige individue vyandig geraak het teenoor die bevindings van die WVK? (1 x 2) (2)
- 4.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis.
Vergelyk die reaksies van De Klerk en die ANC en verduidelik die redes hiervoor. (2 x 2) (4)
- 4.2.3 Verduidelik die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat die WVK bestudeer. (2 x 2) (4)
- 4.3 Raadpleeg Bron 4C.
- 4.3.1 Watter boodskap wil die spotprenttekenaar oor die werk van die WVK oordra? (1 x 2) (2)
- 4.3.2 Wat is die verband tussen die cowboy se woorde 'Aangeval van links, regs en die middel, Meneer, maar ons het dit gemaak' en die pyle wat in die spotprent uitgebeeld word? (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Verduidelik of hierdie spotprent 'n positiewe of negatiewe uitbeelding van die WVK is. (1 x 2) (2)
- 4.4 Verduidelik tot watter mate die inligting in Bron 4C 'n akkurate weergawe van die reaksies van politieke partye op die WVK is. (2 x 2) (4)

4.5 Bestudeer Bron 4D.

- 4.5.1 Hoe kan die statistiek in hierdie bron deur kritici van die WVK gebruik word om aan te voer dat die WVK nie versoening tot gevolg gehad het nie? (2 x 2) (4)
- 4.5.2 Verduidelik of die statistiek in hierdie bron deur ondersteuners van die WVK gebruik kan word om te bewys dat versoening wel bereik is. (1 x 3) (3)
- 4.5.3 Verduidelik of hierdie statistiek 'n betroubare aanduiding van die houding van Suid-Afrikaners teenoor die WVK is. (2 x 2) (4)

4.6 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die rol wat die WVK ná apartheid in Suid-Afrika gespeel het, verduidelik. (6)

4.7 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.7.1 OF VRAAG 4.7.2.

4.7.1 Verduidelik hoe die Waarheid-en-versoeningskommissie gepoog het om 'n einde aan Suid-Afrika se verdeelde verlede te maak. (30)

OF

4.7.2 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir 'n geskiedkundige joernaal, *South Africa Today*, oor die onderwerp: 'Ten spyte van al die kritiek was die WVK nog steeds 'n sukses.' (30)
[75]

TOTAAL: 150